Maandag 23 Februarie 2004 bl. 7
Beeld
Johannesburg Finaal

Gelyke kanse in onderwys bekyk

Alet Rademeyer

Internasionale en plaaslike onderwyskundiges en regslui sal van 22 tot 24 April in Muldersdrift aan die Wes-Rand intense debatte oor gelyke onderwysgeleenthede in die VSA en Suid-Afrika voer.

Die konferensie word gehou ter viering van Suid-Afrika se demokrasie en Grondwet, asook die herdenking van die beroemde Amerikaanse hofsaak Brown vs. Board of Education 50 jaar gelede, wat afsonderlike onderwys in die VSA finaal as fundamenteel ongelyk bestempel het.

Verskeie Suid-Afrikaanse en Amerikaanse onderwyskundiges en regslui gaan saam na die huidige uitdagings kyk om volhoubare gelyke onderwysgeleenthede vir almal te skep. Die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n paar vennote soos die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg en -beleid reël die konferensie. Die vraag of Suid-Afrika op verskillende vlakke daarin geslaag het of gevorder het om onderwys vir almal toeganklik te maak en gelyke geleenthede geskep het, sal ook bespreek word.

Onder die ander temas is die impak van dissipline op toegang tot gelyke onderriggeleenthede, die finansiering van onderwys en waardes en gelyke onderwysgeleenthede.

Onder die kundiges uit die VSA is dr. John Harris, die eerste swart dekaan van 'n opvoedkunde-fakulteit aan 'n Amerikaanse universiteit, dr. Philip T.K. Daniel, voorsitter van die Amerikaanse vereniging vir onderwysreg en -beleid, mnr. William Thro, 'n kenner wat in meer as 30 Amerikaanse state by onderwyshofgedinge oor finansiering betrokke was en Charlane Hunter-Gaultt, joernalis van die televisienetwerk CNN. Sy was een van die eerste swart Amerikaanse kinders wat na 'n wit skool in die VSA gegaan het.

Die sowat 30 Suid-Afrikaanse kundiges sluit in: Proff. Johan Beckmann, Simon Maile, Johan Potgieter, Elmene Bray, Rassie Malherbe en drr. Rika Joubert, Jan Nieuwenhuis, J.P. Rossouw, Elda de Waal en Ken Alston.

Belangstellendes wat die konferensie wil bywoon, kan me. Xandra de Fortier kontak by 012 420 2769 of by xandra.defortier@up.ac.za .